


# TALENT-SKOUSPEL

Vrugte- en wynbedrywe se landbouwerkers vier sangtalent met musiekskouspel.

Deur **Elise-Marie Steenkamp**



Jason Baartman, die rymkletser van Ceres



Die aand is afgesluit met Johnny Clegg se roerende "The Crossing"



Ayabonga Mhobo, die eerste AGT-wenner



Victor Fredericks, van die 2018 top-10




Frieda van den Heever, bekende kunstenaar

Tien jaar gelede was Anton Rabe, Hortgro se uitvoerende direkteur, op pad êrens heen, toe die gedagte hom skielik tref: Daar is Idols en America's Got Talent. Hoekom nie ook Agri's Got Talent nie?

"Ons landbouwerkers het soveel meer om te gee as net om te werk op die plaas of in die pakhuis. Hulle is ontsettend talentvolle mense."

Terug by die kantoor het Rabe die gedagte met destydse kollega, Retha Louw, gedeel. "Sy het die projek begin. Aanvanklik klein, maar binne 'n paar jaar het AGT, soos dit vandag bekend staan, gegroei tot die opwindendste projek in landbou," vertel Rabe.

Saterdagaand 18 November is 10 jaar van Agri's Got Talent (AGT) by die Taalmonument se amfiteater in die Paarl gevier. Vorige jare se top-10-deelnemers asook die wenners, het saamgekom vir 'n landbou-musiekfees soos selde gesien.

Bykans 1 000 mense het die skouspel bygewoon, wat deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Hortgro, die Sitruskwekersvereniging, die Suid-Afrikaanse Tafeldruifvereniging (SATI) en SA Wine geborg word.

Die musiek-afrigting vir die kompetisie en die konsert word die afgelope 10 jaar deur die bekende kunstenaar, **Frieda van den Heever**, waargeneem.

AGT is meer as net 'n sangkompetisie. Daar word ook sterk gefokus op die ontwikkeling van lewensvaardighede.

Met die jare het top-10-deelnemers verstommende mylpale bereik. **Ayabonga Mboho**, die eerste wenner van AGT, was aanvanklik 'n seisoenale werker. Sedert hy AGT gewen het, is hy al drie keer genooi om oorsee te sing en gee hy vandag musiekklesse by 'n skool in die Paarl. **Victor Fredericks** wat in 2018 in die top-10 was, beklee vandag 'n senior pos op La Plaisante, Wolseley, en het al twee boeke gepubliseer. **Jason Baartman**, 'n rymkletser het in 2017 tweede plek behaal. Aanvanklik 'n algemene werker, werk Baartman vandag as 'n produksiebestuurder op die bekende plaas Laastedrif, Ceres, wat soveel as 50 werkers in die kwekery en in oestyd sowat 10 plukspanne onder hom het. Hy is ook deel van die ATKV-Crescendo projek en het al by die Woordfees opgetree.

Buiten persoonlike mylpale, gee AGT-deelnemers terug aan hul gemeenskappe. Nuutgevonde selfvertroue, vaardighede en kennis word met families, kollegas en die gemeenskap gedeel. Hulle word ambassadeurs vir landbou. Hierdie uitkringeffek kan nie in geld gemeet word nie, maar bou broodnodige verhoudings wat landelike stabiliteit bevorder en landbou 'n trotse werkplek maak.

Die Wes-Kaapse Minister van Landbou, Ivan Meyer, het die borge bedank vir dié fenomenale projek wat hy meen die moraal en selfwaarde van landbouwerkers bevorder. "AGT gee menswaardigheid terug aan mense, veral in landelike gebiede. Ek kan die organiseerders nie genoeg bedank nie," het hy gesê.

**AGT sal in 2024 weer die formaat van 'n sangkompetisie aanneem. Vir meer besonderhede, kontak: info@agrisgottalent.com**